RAADSBELEID

ONDERWERP : LANGDIENSERKENNINGSBELEID

VERWYSING : 4.5.1

BESLUIT NR : 21.9/04/2003 DATUM : 29 April 2003

BELEIDSOOGMERK : Om voorsiening te maak vir die uitbetaling van langdienserkenning-skema aan amptenare.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad erken die diensvoorwaardes soos van toepassing op amptenare asook hul lang diensjare.

RIGLYNE
1. Amptenare wat **voor 1 Julie 1986** aangestel is, word volgens die beleid hanteer totdat die skema uitfaseer.

2. Geen nuwe aanstellings vanaf 1 Julie 1986 sal op die langdienserkenningskema hanteer word nie.

3. Die langdienserkenningskema word ooreenkomstig die amptenaar se aanstellingsdatum, op ‘n jaarlikse basis uitbetaal. (Dit wil sê wanneer ‘n jaar siklus voltooi is.)

4. Die jaarlikse uitbetaling word op die basis van **6%** van die amptenaar se jaarlikse salaris bereken.

5. Daar moet jaarliks vir die uitbetaling van langdienserkennings in die Raad se begroting, voorsiening gemaak word.

PROSEDURE
1. Die verwerking van die bedrag wat jaarliks uitbetaal moet word, word deur die Subdirektoraat Finansies bereken.

2. Langdienserkennings word jaarliks aan die einde van die maand, wat die aanstellingsmaand voorafgaan, aan amptenare wie kwalifiseer, uitbetaal.

ROLLE
Direkteure en Hoof Menslike Hulpbronne.

VERWANTE BELEID
Staatskoerant 11359.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.